DEEL 118 | WEEK 23 | 5 JUNIE 2026 | R5

HEILBRON HERALD

IF IT'S NOT IN THE ... IT IS ONLY A RUMOUR



# Platteland Apteek se winterinisiatief verwarm harte in Heilbron

*Op die foto vl: Sulo van der Merwe en Jolien Engelbrecht.*

Met die winterkoue wat al hoe skerper begin byt, het Platteland Apteek 'n besonderse inisiatief van stapel gestuur om seker te maak dat niemand in Heilbron hierdie winter sonder warmte hoef klaar te kom nie.

Volgens Jolien Engelbrecht, mede-eienaar van die apteek, het die idee ontstaan toe Sulo van der Merwe, een van haar kollegas, voorgestel het dat die gemeenskap saamspan om komberse vir behoeftige inwoners in te samel. Die doelwit was om 190 komberse bymekaar te maak, en danksy die ongelooflike ondersteuning van die gemeenskap staan die projek reeds op 142 komberse.

"Ons is werklik oorweldig deur die reaksie," sê Engelbrecht. "Mense het hul harte oopgemaak. Sommige skenkers het selfs tot 15 komberse op 'n slag ingebring."

Die inisiatief het nie net steun van individue ontvang nie. Plaaslike kerke het ook hul deel gedoen deur komberse te skenk om die projek te ondersteun. Hierdie samewerking is 'n pragtige bewys van die omgee en medemenslikheid wat steeds sterk in die Heilbron-gemeenskap leef.

Om te verseker dat die komberse die mense bereik wat dit die nodigste het, is daar reeds 'n lys van behoeftige inwoners saamgestel. Die komberse sal volgens hierdie lys versprei word om seker te maak dat die hulp regverdig en doelgerig aangewend word.

Elke kombers wat geskenk word, beteken meer as net warmte – dit bring hoop, waardigheid en die wete dat iemand omgee.

Die gemeenskap word steeds aangemoedig om die projek te ondersteun. Of dit nou deur die skenking van 'n kombers of 'n geldelike bydrae is, elke gebaar maak 'n verskil.

Hierdie winter wys Heilbron weer dat 'n klein daad van vriendelikheid 'n groot verskil in iemand se lewe kan maak. Saam kan ons help om ons dorp – en die harte van sy mense – warm te hou.









# Nuus uit Ringerstraat Jeugsorgsentrum

## *Hoe praat jy met jou kind oor veiligheid en beskerming?*



*• Elmarie Els-Hammann*

Kinderbeskermingsweek, wat van 25 Mei tot 1 Junie herdenk word, herinner ouers en versorgers aan die belangrike rol wat hulle speel om kinders veilig te hou. Een van die sterkste maniere waarop kinders beskerm kan word, is deur oop, eerlike en gereelde gesprekke met hulle te voer.

Baie ouers voel onseker oor hoe om met kinders oor moeilike onderwerpe soos veiligheid, mishandeling, boeliegedrag of aanlyn gevare te praat. Tog wys kenners dat kinders wat gemaklik met hul ouers kan kommunikeer, dikwels vinniger hulp vra wanneer iets verkeerd is.

Gesprekke oor veiligheid hoef nie bangmaakgesprekke te wees nie. Dit behoort eerder kinders toe te rus met kennis, selfvertroue en die sekerheid dat daar altyd iemand is wat na hulle sal luister en hulle sal beskerm.

**Begin vroeg en praat gereeld**

Veiligheidsgesprekke moet nie net plaasvind wanneer daar 'n probleem ontstaan nie. Dit is belangrik dat kinders van 'n jong ouderdom af leer oor veiligheid, respek en liggaamsgrense. Gereelde, natuurlike gesprekke help kinders om gemaklik te voel om vrae te vra of bekommernisse te deel.

Ouers kan eenvoudige geleenthede gebruik om gesprekke te begin, soos:

- Tydens ete of in die motor
- Na 'n televisieprogram of storie
- Wanneer kinders oor hul dag by die skool praat
- Wanneer 'n nuusgebeurtenis bespreek word

**Leer kinders oor liggaamsgrense**

Dit is belangrik dat kinders verstaan dat hul liggaam aan hulle behoort. Gebruik eenvoudige en ouderdomsgepaste taal om te verduidelik dat niemand hulle mag aanraak op 'n manier wat ongemaklik of verkeerd voel nie.

**Leer kinders:**

- Dat hulle "nee" mag sê
- Dat hulle nie gedwing hoef te word om drukkies of aanraking te aanvaar nie
- Dat hulle altyd met 'n betroubare volwassene kan praat
- Dat geheime wat hulle bang of ongemaklik laat voel, vertel mag word
- Wanneer kinders verstaan dat hul gevoelens belangrik is, ontwikkel hulle dikwels meer selfvertroue om hulself te beskerm.

**Help kinders om emosies te verstaan**

Baie jong kinders sukkel om hul gevoelens te verwoord. Ouers kan kinders help deur emosies te benoem en oop gesprekke daaroor aan te moedig.

**Vra vrae soos:**

- "Wat het jou vandag gelukkig gemaak?"
- "Was daar iets wat jou ongemaklik laat voel het?"
- "Hoe het dit jou laat voel?"

Hierdie tipe gesprekke help kinders om emosioneel bewus te raak en maak dit makliker vir hulle om probleme te identifiseer en hulp te vra.

**Luister sonder om onmiddellik te oordeel**

Wanneer kinders iets belangrik deel, is dit noodsaaklik dat ouers rustig reageer. Indien kinders bang is dat hulle gestraf, uitgeskel of nie geglo sal word nie, mag hulle ophou praat.

Ouers hoef nie altyd dadelik antwoorde te hê nie. Soms het kinders bloot iemand nodig wat luister en hulle ernstig opneem.

**Praat oor boeliegedrag**

Kinderbeskerming sluit ook emosionele veiligheid in. Kinders moet weet dat boeliegedrag nie aanvaarbaar is nie – of dit by die skool, op sportvelde of aanlyn plaasvind.

**Leer kinders:**

- Hoe om hulp te vra
- Dat dit reg is om weg te stap van negatiewe situasies
- Dat hulle ander kinders met respek moet behandel
- Dat hulle nie stil hoef te bly wanneer iemand hulle sleg behandel nie

**Aanlyn veiligheid word al belangriker**

Met die groei van sosiale media en tegnologie is dit belangrik dat ouers ook gereeld oor digitale veiligheid praat. Kinders verstaan nie altyd die gevare van die internet nie en kan maklik blootgestel word aan kuberboelie, manipulasie of onvanpaste inhoud.

**Praktiese wenke vir ouers sluit in:**

- Hou toestelle in gemeenskaplike ruimtes
- Weet watter toepassings en speletjies kinders gebruik
- Leer kinders om nie persoonlike inligting aan vreemdelinge te gee nie
- Moedig kinders aan om onmiddellik te vertel indien iets aanlyn hulle ongemaklik laat voel

**Bou 'n verhouding van vertroue**

Die belangrikste boodskap wat kinders moet hoor, is dat hulle nie alleen is nie. Wanneer kinders weet dat daar volwassenes is wat hulle liefhet, glo en beskerm, voel hulle veiliger om hulp te vra.

Kinders wat in 'n ondersteunende en liefdevolle omgewing grootword, ontwikkel dikwels beter selfbeeld, emosionele veerkragtigheid en groter vertroue in hulself.

Kinderbeskermingsweek herinner ons daaraan dat kinderbeskerming nie net een gesprek of een week se fokus is nie. Dit is 'n voortdurende proses van luister, ondersteun, lei en beskerm. Elke gesprek met 'n kind kan 'n verskil maak – en soms selfs 'n lewe verander.

## UIT DIE PEN: *Week 23*

Ek kan onthou toe ek die eerste keer iets gewen het. Ek was seker so 10 jaar oud. Ek, my gryse ma en my rooikopsussie het saam na die laerskool se kermis gegaan. Op een of ander duistere manier het ek 'n koek gewen. 'n Potblou koek. Niemand anders wou dit seker gehad het nie.

Nietemin, so is ek, ma en sussie op pad na ons net-so-blou Peugeot 404. Ek en my sussie het glad nie van die kar gehou nie, maar dit was die enigste waarmee ons kon ry. By die kar gekom, sit my gryse ma my potblou koek op die motor se dak sodat sy die motor kan oopsluit. Ons al drie klim in, op pad huis toe na 'n lang dag.

My gryse ma trek weg, en ek kyk so agtertoe. Ek skree: "Koek! Koek!"

My gryse ma verstaan glad nie hoekom ek so skree nie, maar toe sy in haar truspieël kyk sien sy wat ek sien. Die potblou koek hop oor die straat en 'n oom met 'n plaasbakkie tref die koek net reg. Kaplaks! Net so plat soos die pad.

So het ek daarna 'n rits ander kompetisies gewen. Ek sou nie sê dat ek al baie gewen het nie. Ek het wel agtergekom dat hierdie 'n universele waarheid is: As jy nie inskryf nie, staan jy glad nie 'n kans om te wen nie. So maklik soos dit.

My boetie het al, op 'n mooi dag, die kar van die Beeld se kinderfonds gewen. Met my gryse ma se dood vroeër hierdie jaar, het ons die koerantuitknipsel gekry. Sy was baie trots op haar seun.

Onlangs het dieselfde met my en my goeie man gebeur. Hy laat weet dat ek kan inskryf vir 'n kompetisie om na 'n musikant te gaan kyk. Dit sal wees tydens 'n klein, intieme konsert, en ons kan 8 mense saamneem. Ek het hierdie musikant die eerste keer op TV gesien in een van sy musiekvideos. Hy is regtig 'n virtuoos.

Daarna het ek my goeie man eendag na een van sy konserte in die Fairtree Atterbury Teater gesleep. Hy het nie geweet wie die musikant was nie. Hierdie musikant het ook nie gesing nie, hy het 'n instrument meesterlik bespeel.

Kan ek net eers noem dat ons 'n ooreenkoms geteken het dat ons nie die naam van die musikant bekend mag maak voordat dit uitgesaai word nie.

Iedergeval. So skryf ek toe in vir die kompetisie. Ek dog dit is vir die volgende Donderdag, en nou ja, ek sal dit sekerlik nie wen nie. Net vir die wis en die onwis stuur ek twee keer 'n sms. Of ek wou, maar my foon wou nie. Ek het duisende minute belgeld en net soveel data, maar daar was blykbaar nie meer geld vir sms'e stuur nie. Bisar, dink ek.

Maar ek het my gryse man belowe dat ek sal inskryf vir die kompetisie en dit sal ek doen.

Uiteindelik het ek 'n paar rand vir sms'e op my foon, en daar gaan die inskrywing.

Die volgende oggend, so skuins na agtuur, bel iemand my.

"Dit is so-en-so. Jy het gister ingeskryf vir 'n kompetisie om na die kunstenaar te gaan kyk."

Ja, en ek het nog so gesukkel.

"Hier is goeie nuus: jy en nog nege ander mense kan môre-oggend om 11:00 by ons ateljee wees vir die konsert."

O, my wee, ek dog dis eers oor twee weke, en toe is dit sommer die volgende dag.

"Maar ek moet verlof kry. Ek bel jou netnou terug." Simpel antwoord, ek weet.

Op 'n dag het ek 'n advertensie van 'n meubelwinkel gesien waar hulle 'n bank adverteer. Die advertensie het gelees: "This couch can seat three people without problems."

Ek lag by myself: ek ken nie drie mense sonder probleme nie. En net so met die kompetisie: ek ken ewe skielik nie 9 mense wat sou wou saamkom nie.

Ek bel my goeie man: ek wil my hare gaan sny, ek moet verlof kry en ek ken nie 9 mense nie, sê ek. Hy sê ek klink soos iemand wat die lottery gewen het, en toe sê dat ek nie plek het om die geld te bêre nie. (Nie soos iemand anders van wie ons weet wat geld in die sitkamerbank bêre nie. Nou dat ek daaraan dink: dis dalk dieselfde bank waarop daar drie mense kan sit wat nie probleme het nie.)

"Jy kan volgende week ook jou hare gaan sny. Hierdie is spesiaal." Ja, hy is reg, dink ek.

Ek sê vir goeie man dat hy 8 mense moet soek. Nie een van die mense op sy lysie kan saamkom nie. Ek sit dit op ons familiegroep. Dit klink kompleet soos die gelykenis waar die ryk man 'n banket gehou het, en elkeen van die uitgenooides het 'n verskoning gehad. Later plaas ek dit op ons musiekbediening se groep. Nee, wat. Geen geluk nie.

Later die aand bel Tanja: sy en haar man kan saam kom. Ek voel sleg dat ons nie 8 mense kan saamvat nie, maar ons is darem nou vier.

Ons jaag na die studio toe, word soos eregaste ontvang, sit in die heel voorste ry, kry persoonlike aandag van die kunstenaar. Hy vra watter liedjies hy nog moet speel, en ek laat waai met my lysie.

Toe ons huis toe gaan, sê my goeie man terwyl hy lekker lag: "Dit was so lekker. Jy het gemaak asof die konsert spesiaal vir jou was met al jou versoeke."

Ja, dit was. Dit was spesiaal vir my, hom, Tanja en haar goeie Johan.

Ek het hierdie week geleer dat ek nie geleenthede deur my vingers moet laat glip nie. En miskien moet ek daaraan werk om meer mense te leer ken.

Mense wat nie probleme het nie, sodat ons saam op 'n bank kan pas.

(Wanneer ek mag, gaan ek vertel wie die musikant was.)

# Vroue gewaarsku ná nóg beweerde aanval in Heilbron

Inwoners, en veral vroue, word gewaarsku om bedag te wees nadat nóg 'n beweerde aanval, deur 'n onbekende vrou, in Heilbron aangemeld is.

Adel Booysen, skoolhoof van die School of Destiny, vertel sy is Dinsdagmiddag naby PEP Home aangeval nadat sy 'n paar items gaan koop het.

Volgens Booysen het sy na haar voertuig gestap wat die eerste parkering voor PEP Home was, toe sy skielik voel iemand trek haar aan haar hare.

"Die volgende oomblik het die vrou my begin slaan," vertel sy. Waarmee sy geslaan is, is sy nie seker nie.

Booysen sê sy het om hulp geskree, wat die aandag van 'n werknemer van Shalom getrek het. Die werknemer het haar te hulp gesnel en die aanval onderbreek.

Sy is daarna na 'n dokter geneem waar sy steke ontvang het, asook 'n inspuiting vir klem-in-die-kaak. Later het 'n buurvrou haar aangeraai om die voorval by die polisie aan te meld, waarna sy 'n saak geopen het.

Die voorval herinner aan 'n soortgelyke aanval wat sowat 'n jaar gelede op Jomain Basson by Jet plaasgevind het.

Basson vertel sy was in die skoene-afdeling toe 'n vrou haar skielik grond toe getrek het. Sy kon egter onder die aanvaller uitkom en wegbeweeg. Volgens Basson het sy die vrou agternagesit totdat Jet-personeel ingegryp en haar versoek het om die vrou te los, aangesien sy glo geestelik versteurd is.

Basson sê sy het ook probeer om 'n saak te open, maar dat daar nie genoegsame beeldmateriaal beskikbaar was nie, omdat die kameras nie gewerk het nie.



*Adel Booysen*

Na bewering is dit ook nie die enigste voorvalle van dié aard nie. Verskeie inwoners beweer dat soortgelyke insidente al voorheen plaasgevind het.

Hoewel die omstandighede rondom die voorvalle nog ondersoek word, word vroue aangeraai om waaksaam te wees wanneer hulle alleen inkopies doen, aangesien hierdie voorvalle volgens slagoffers vinnig en onverwags plaasvind.

Die polisie ondersoek die jongste voorval. Enigeen met inligting word aangemoedig om dit by die SAPD aan te meld.

# Huppel Trippel speel Bingo

Die Huppel Trippelaars het 'n genoeglike Bingo-oggend deurgebring - kompleet met pryse en wenners en al. Nonna en haar span helpers het dit aangebied; en die deelnemers het getalle gesoek dat die rook draai. Die wenners vir die oggend was Martie Ferreira, Sue v/d Westhuizen en Rosa Botes. Danie van Rensburg is aangewys as die algehele wenner. Na afloop van die verrigtinge het Wilmien Naude almal bederf met heerlike vlaskywe. Oor twee weke kom gesels Corné van der Merwe oor heuning. Kom luister gerus saam as jy meer oor heuning wil weet... 10uur in die eetkamer.



*Op die foto Nonna Roos en haar span helpers. Vl: Elsa en Petrus Fouché, Sanet Vosloo en Nonna.*

# Waarskuwing oor onwettige bestuurders en voertuie

Inwoners van Heilbron spreek toenemende kommer uit oor die groeiende aantal ongelisensieerde bestuurders wat met motors, *scooters* en *off-road* motorfietse in die dorp rondry. Volgens inwoners is die probleem veral onder jongmense sigbaar en skep dit ernstige veiligheidsrisiko's vir ander padgebruikers en voetgangers.

Die kommer volg nadat twee jong mans se motorfietse onlangs deur owerhede gekonfiskeer is. Wetstoepassers waarsku dat die bestuur van enige voertuig sonder die nodige lisensie of wettige dokumentasie ernstige gevolge kan inhou.

Volgens Suid-Afrikaanse verkeerswetgewing is dit onwettig om 'n motorvoertuig op 'n openbare pad te bestuur sonder 'n geldige bestuurslisensie. Oortreders kan boetes ontvang en in sekere gevalle kan die saak ook tot vervolging lei. Boetes vir bestuur sonder 'n geldige lisensie wissel, maar kan meer as R1 000 beloop, afhangende van die omstandighede en die jurisdiksie.

Owerhede waarsku verder dat wanneer minderjariges sonder die nodige lisensies of toestemming voertuie bestuur en 'n ongeluk plaasvind, beide die bestuurder en die ouers of wettige voogde moontlik aanspreeklik gehou kan word vir skade, beserings en ander regsgevolge.

Met betrekking tot *off-road* motorfietse wat onwettig op openbare paaie gebruik word, kan die voertuig gekonfiskeer word totdat die nodige boetes en vereistes nagekom is. Die bestuurder kan ook beboet word. Indien 'n bestuurder versuim om te stop wanneer wetstoepassers hom of haar aanmaan om stil te hou, of probeer wegjaag, kan verdere aanklagte volg en arrestasie is moontlik. Dieselfde beginsels geld vir *scooters* wat op openbare paaie gebruik word. Bestuurders moet voldoen aan die toepaslike verkeerswetgewing, insluitend lisensie-, registrasie- en padwaardigheidsvereistes waar van toepassing. Owerhede doen 'n beroep op ouers om hul kinders bewus te maak van die gevare en regsimplikasies van onwettige bestuur. Buiten die risiko van boetes en konfiskering van voertuie, kan een oomblik se roekeloosheid tragiese gevolge hê vir gesinne en die breër gemeenskap.

Die boodskap van owerhede is eenvoudig: Indien jy nie wettig gelisensieer is om 'n voertuig te bestuur nie, hoort jy nie agter die stuur of op die sitplek van 'n motorfiets of *scooter* op openbare paaie nie. Veiligheid moet altyd eerste kom.












*Since*

## YOUR BOILERMAKING SOLUTION

# EJ STAINLESS & MILD STEEL SOLUTION

**GEREGISTREER BY SABS**

**JACO SWART:**
082 392 9819
jaco@ejsm.co.za

**MARTIN SWART:**
082 389 7961
martin@ejsm.co.za

**EDDIE SWART:**
082 449 9113
eddie@ejsm.co.za




**NUUTSTE LASER TEGNOLOGIE!**

## NOU MET DIE NUUTSTE LASER SNY TEGNOLOGIE!

*Meer kapasiteit. Vinniger diens. Uitsonderlike presisie.*

Met die toevoeging van ons nuutste generasie laser sny masjien bied ons nou nóg vinniger produksietye, beter dienslewering en gevorderde tegnologie vir al jou staal- en ingenieursbehoeftes.

## *Vervaardiging:* VLEKVRY & SAGTE STAAL



- GIF MENGTENKS
- SAADMENGERS
- STATIESE TENKS (304, 316 EN SAGTE STAAL)
- SPIRAAL ROLLER
- STROPER SLUITPARTE
- VERVOERBANDE
- WAENS
- SPUITE
- ROLMASJIEN

*Tyd-effektiewe Diens vir die landbousektor*

www.ejs

## 2005




## Herstelwerk:



- AGRI IMPLEMENTE
- ALGEMENE SWEISWERK
- SLEEPWA ONGELUK HERSTELWERK

## Trailers: ONDERDELE & SEILE

triangle BRAKE & CLUTCH · WEWELER · BPW · HENRED FRUEHAUF





## Buigmasjien · Guillotine · Draaibank · Milling



## Hidrolies:

- VOLLEDIGE HIDROLIESE SISTEME
- ALLE GROOTTE PYPE
- MULTI-SPIRAL PYPE
- SILINDERS
- MOTORS



## Bearings:



- ALLE TIPE BEARINGS
- RATKASTE
- MOTORS
- SPROCKETS & LASER SNY VAN AGRI-SPROCKETS

## Cnc Laser Snywerk:

- SAGTE STAAL - SNY TOT 20MM DIKTE
- STAINLESS & ALUMINIUM - SNY TOT 12MM DIKTE
- SNY MET 'N TOLERANSIE VAN ± 0.003 VAN 'N MM





sm.co.za

# Opleiding van Millenium Fire






*Huis Bron-van-Heil se brandspan het op 27 Mei 2026 hulle opleiding ontvang van Millenium Fire. 'n Ramp- en evakuasie beplanning asook Brandblus oefening en prakties is gedoen. Die brandspan het sertifikate ontvang. Die volledige ontruimingsoefening datum sal later deurgegee word wanneer Millenium fire Huis Bron-van-Heil sal kom bystaan asook maatskappye en betrokke persone in die gemeenskap wat sal bevestig om deel daarvan te wees. Inwoners sal dan ook 'n verkorte rampbeplanning sessie kan bywoon. Op die foto links: Voor: Simon Nteo en Jos Deysel. Agter: Krisjan Molopi, Stephen Serathi, Leatitia Fox, Hannetjie Duvenhage, Nompi Majola en Selinah Claasen.*

## Heilbron maak skoonskip

### *Eerste netbal- en hokkie-spanne gekroon as ligawenners!*



*Op die foto agter vl: Lene Nel, Amoré Rochat, Sumari Steyn, Qusanda van Schalkwyk, Melissa Kruger, Kaptein: Noeline Gavin, Onderkaptein: Chenelle Els en Chantal Kruger. Voor: Jackie van Zyl en Tazzmonay Minnies.*

Hoërskool Heilbron vier 'n uitsonderlike sportseisoen nadat beide die eerste netbal- én hokkiespan as ligawenners gekroon is — 'n prestasie wat die skool met trots laat bruis.

Die eerste netbalspan, onder leiding van juffrou Chantal Kruger en juffrou Lené Nel, het 'n besonderse seisoen afgesluit deur as wenners van die Fezile Dabi B-liga in die ligafinaal aangewys te word. Dit is 'n jong, energieke span wat nog besig is om te bou, maar reeds wys dat hulle met hart, samehorigheid en vasberadenheid kan meeding met die bestes. Wat die prestasie nóg meer spesiaal maak, is dat dit die eerste jaar is wat beide afrigters by Hoërskool Heilbron betrokke is.

Nie net op die netbalbaan is geskiedenis gemaak nie.

Die eerste hokkiespan, onder leiding van juffrou Hilde Pieters en juffrou Sunélle Claassen, het 'n onoorwonne seisoen beleef en die D8 Kleinskole 0/19A hokkieliga oortuigend gewen. Frankfort het in die tweede plek geëindig, wat wys hoe mededingend die liga was en hoe konstant Heilbron presteer het.

Met dié oorwinning het die hokkiespan ook deurgedring na die Noordvaal Uitspele-toernooi, waar hulle teen die top ligawenners van ander streke sal meeding.

Dit is ook juffrou Hilde Pieters se eerste jaar as afrigter van die span, terwyl juffrou Sunélle Claassen weer met ope arms verwelkom is en reeds 'n groot impak gemaak het met haar ervaring en betrokkenheid by die ontwikkeling van pinkvoet spelers verlede seisoen.

Beide die netbal- en hokkiespanne bestaan uit jong talent wat nog vir 'n jaar of twee saam kan groei en ontwikkel. As hierdie seisoen enige aanduiding is, lê daar 'n baie sterk sporttoekoms vir Hoërskool Heilbron voor.



*Op die foto vl: Luané Engelbrecht, Elizma Meiring, Yonuscha Prinsloo, Marlien Baan, Chrizette Greeff, Chené Labuschagne, Lisa-Liné Rheeder, Marisna de Beer, Sharne Swanepoel, Rene Putter, Amor Janse van Rensburg, Ami Botha, Danelri Mocke en Amore Engelbrecht.*

## Nuwe skoolhoof by Bronnies Kleuterland

Bronnies Kleuterland het met trots die aanstelling van Lene Houy as nuwe skoolhoof aangekondig — 'n bekende gesig wat reeds deel van die skool se verhaal was en nou terugkeer in 'n leierskapsrol.

Houy, wat oor 'n kwalifikasie in Vroeë Kinderontwikkeling (NQF Level 4) beskik, is geen vreemdeling by Bronnies nie en het voorheen reeds daar gewerk. Haar terugkeer word beskryf as 'n "tuiskoms" deur die skoolgemeenskap, wat haar warmte en betrokkenheid goed onthou.

Sy is 'n trotse Heilbronner en die dogter van James Houy en wyle Melda Houy.

By Bronnies Kleuterland word groot waarde geheg aan vroeë kinderontwikkeling, en volgens die skool sluit Houy se visie perfek hierby aan. Sy glo in 'n holistiese benadering waar elke kind se fisiese, emosionele, sosiale, intellektuele en kreatiewe ontwikkeling gelyktydig gekoester word.

"My passie is om klein harte groot te help word," sê Houy.

Die skool bied sorg en opvoeding van geboorte tot ongeveer ses jaar in 'n veilige, liefdevolle omgewing waar kinders aangemoedig word om te ontdek, te leer en te groei.

Met Houy aan die stuur sê Annemari Hayward eienaar van Bronnies Kleuterland daar is nuwe energie en 'n sterk fokus op die bou van 'n stewige fondament vir elke kind se toekoms.



# KENNISGEWINGS

## LOST OR DESTROYED DEED

Notice is hereby given in terms of Regulation 68(1) of the Deeds Registries Act, 1937, of the intention to apply for the issue of a certified copy of
**Deed of Transfer T433/2015** passed by
**MELITA KHANYE**
**Identity number 600125 0477 082**
Unmarried
in favour of
**SECHABA SAM MOKOENA**
**Identity number 870812 5968 081**
Unmarried
in respect of:
**ERF 2350, PHIRITONA (Extension 3), district HEILBRON, PROVINCE FREE STATE**
**IN EXTENT 330 (THREE HUNDRED AND THIRTY) SQUARE METRES**
Held by deed of Transfer **T433/2015**, which has been lost or destroyed.
All interested persons having objection to the issue of such copy are hereby required to lodge the same in writing with the Registrar of Deeds: FREE STATE at BLOEMFONTEIN within two weeks from the date of the publication of this notice.
Dated at Heilbron this 5th day of June 2026.
**JOHANNES HENDRIK JANSEN**
**CONVEYANCER (LPCM- 58680)**
**JANSEN PROKUREURS**
**58 PIERCE STREET,**
**HEILBRON, 9650**
**TEL: 05885 22816**
**jhjansen@jansenprokureurs.co.za**
**REF: MOK71/0002/JHJ/mp**

## KENNISGEWING

Kennisgewing in die **BOEDEL VAN WYLE WILLEM ABRAHAM VAN ZYL**
Identiteitsnommer: 471205 5015 08 1, in lewe 'n Pensionaris woonagtig te 20 Middleton Street, Reitz, 9810, Getroud binne gemeenskap van goedere met **EMMA ELISABETH VAN ZYL,**
Identiteitsnommer: 530610 0026 08 3.
**DATUM VAN AFSTERWE:**
6 Augustus 2025
**BOEDELNOMMER: 002644/2026**
KENNIS GESKIED HIERMEE aan Debiteure en Krediteure om bedrae dan die boedel verskuldig te betaal en eise teen die Boedel in te dien binne 30 (DERTIG) dae vanaf publikasie hiervan by onderstaande adres:
**MNRE BLIGNAUT & WESSELS SAREL CILLIERSSTRAAT 29,**
**POSBUS 6, REITZ, 9810**


HEILBRON EIENDOMME
**Annelize: 082 331 9856**
**Jolandri: 079 846 1075**
Kerkstr. 40 | Heilbron
Tel: 058 852 2035/6/7
TE HUUR:
3 Slaapkamer huis:
dadelik beskikbaar vir
**R5 800** per maand.
FOR RENT
4 Slaapkamer huis:
Baie ruim huis met groot erf, onmiddellik beskikbaar.
Sluit tuindienste in. Watertenk.
(Asook gordyne voor al die vensters)
**R10 000** per maand.
KONTAK AGENTE VIR MEER INLIGTING OF BESIGTIGING.






SELF-INKING STAMPS
SELF-INKING DATER STAMPS
Elsstraat 44, Heilbron
Tel: 058 852 3033
Herald
Office National


# SMALLS

# DIENSTE


**BAAL / SNY & BAAL**
Vir die maak van voer, vanaf sny tot baal of slegs baal. 1.2m bale (tou/net). Velde of wenakkers.
Petrus Steyn, Frankfort, Heilbron en Lindley.
KONTAK JACO MEIRING
082 851 6158 OF
PIET MEIRING 082 571 4191
peerlandhandel@gmail.com

**BAAL / SNY & BAAL ...**
Vir sny-, hark- en baalwerk.
Kontak Evert Kleynhans
072 018 3685
Heilbron

DUPNO Trading
AUGERS
GRAANDAMME
SINKDAMME
BUNKERS
AFLAAIBAKKE
Kontak:
Ryno 073 268 7565
ryno.dupno@gmail.com


**BIBLIOTEEK OOP**
*Piercestraat 66 • Heilbron*
Heilbron Biblioteek is VYF DAE per week oop vir die publiek en die tye is as volg:
Maandae tot Vrydae - 09:00 - 13:00
(Volwassenes) en 14:00 - 17:00 (Kinders)
*Biblioteek is gesluit op Saterdae, Sondae & openbare vakansiedae.*

Vir enige nuus en advertensies vir die
**Heilbron Herald**
Kontak Hendie 058 852 3033 of
heraldnuus@heilbron.co.za
Elsstraat 44, Heilbron


# FOTOSTATE

| Swart / Black | | |
|---|---|---|
| A4 | 1 - 50 Bladsye | @ R1-50 |
| | 51+ | @ 80c |
| A3 | 1 - 50 Bladsye | @ R3-00 |
| | 51+ | @ R1-50 |
| **Volkleur / Colour** | | |
| A4 | 1 - 10 Bladsye | @ R5-00 |
| | 10+ | @ R4-00 |
| A3 | 1 - 10 Bladsye | @ R10-00 |
| | 10+ | @ R8-00 |

WINKELURE
**Maandae tot Donderdae: 07:30 - 17:00**
**Vrydae: 07:30 - 16:30**
**Saterdae: 08:30 - 13:00**
Elsstraat 44
Heilbron
Tel: 058 852 3033
E-Pos:
heraldwinkel@heilbron.co.za
Herald
Office National





GROOTWILDJAGTERS!
HIER IS JOU KANS VAN 'N LEEFTYD OM 'N BUFFELBUL OF EEN VAN ONDERSTAANDE PRYSE TE WEN.
SLEGS R500
7 PRYSE WAT GEWEN KAN WORD:
- 1 x Buffelbul (2 Persone) - 2 x Nagte Selfsorg - African Frontier Safaris, Ellisras
- 1 x Blouwildebees, 1 x Rooibok, 1 x Vlakvark - (2 Persone), 2 Nagte Selfsorg - African Frontier Safaris, Ellisras
- 2 x Rooibokke (2 Persone) - 1 Nag Selfsorg - African Frontier Safaris, Heilbron
- 4 x Blesbokke (Dagjag) - AREA: Heilbron
- 3 x Blesbokke - (2 Persone) - 1 x Nag Selfsorg - AREA: Heilbron
- 3 x Blesbokke - (Dagjag) - AREA: Heilbron
- 3 x Blesbokke, 1 x Springbok - 2 Nagte (8 Persone) Selfsorg - AREA: Francolin Creek, Heilbron

PRYSE TER WAARDE VAN ± R250 000





Kaartjieverkope sluit 31 Julie 2026 en wenners word op 3 Augustus 2026 aangekondig. Van Rensburg Rekenmeesters monitor die trekking.
Alle jagte moet afgehandel word voor 30 September 2026.
NG KERK MOEDERGEMEENTE, HEILBRON • FONDSINSAMELINGSPROJEK
Navrae: • Annari 082 224 8741 • Kerkkantoor 058 852 1615



POSTNET HEILBRON
COLLECTION & DELIVERY
Between Heilbron And The Vaal Triangle
EVERY MONDAY, WEDNESDAY & FRIDAY
R150 per parcel
SASOLBURG
VEREENIGING
VANDERBIJLPARK






BETWEEN MEYERTON AND HEILBRON @ R200 PER PARCEL
heilbron@postnet.co.za | 058 853 0006 | 064 988 6078


Neem asb kennis dat sperdatum vir Advertensies en Bydraes vir Vrydae se koerant Woensdae om 10:00 is.
Herald
Office National


STROOP VAN SOJAS





PAUL KEOGH
071 363 4129


# GEKLASSIFISEERD


**Die Heilbron Herald word uitgegee en gedruk deur die eienaars Heilbron Herald (Edms) Bpk, Elsstraat 44, Posbus 166, Heilbron**

**Tel: 058 852 3033/4/5**
**• Faks: 058 853 0140**
**www.heilbronherald.co.za**

E-POS ADRESSE
• **Abrie Watson** abrie@heilbron.co.za
• **John Watson** john@heilbron.co.za
• **Winkel** heraldwinkel@heilbron.co.za
• **Kobus** kobuss@heilbron.co.za
(Wyeformaat produksiebestuurder)
WhatsApp Nr. 081 889 8192
• **Silma** marketing@heilbron.co.za
herald@heilbron.co.za
(Korporatiewe klere, oorpakke, kommersiële drukwerk ens.)
WhatsApp Nr. 083 495 5512
• **Carien** heraldgraphics1@heilbron.co.za - (Kommersiële drukwerk & koerantbydraes)
• **Delareyz** finance@heilbron.co.za - (Rekenings, state ens.)
• **Christelle** heraldoffice@heilbron.co.za - (Bestellings ens.)
• **Hendie** heraldnuus@heilbron.co.za - (Koerantbydraes)
• **Cara** heraldgraphics2@heilbron.co.za - (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
• **Elsabé** heraldgraphics2@heilbron.co.za - (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
WhatsApp Nr. 066 056 1601
• heraldnuus@heilbron.co.za - (Koerantbydraes, advertensies)

**Koerant sirkuleer in Heilbron, Petrus Steyn, Frankfort, Reitz en asook digitaal versprei op Heilbron se Facebook-blad en webwerf.**



*Menings en opinies wat uitgespreek word in briewe en rubrieke, is dié van die individue en weerspieël nie noodwendig die siening van die redaksie nie.*

HERALD Sport




# Heilbron Rolbalklub hou gesellige parekompetisie

Die Heilbron Rolbalklub het die afgelope naweek 'n gesellige interne parekompetisie aangebied. Lede het die oggend saam om die braaivleisvure gekuier voordat die kompetisie op die baan begin het.

Na 'n dag van goeie rolbal en kameraadskap is die wenners aangewys. By die dames het Elna Steyn en Tracy Jacobs met die louere weggestap, terwyl Edward Muller en Jurie Jonker die mansafdeling gewen het.

Die dag is gekenmerk deur goeie sportmanskap, vriendskap en die gesellige atmosfeer waarvoor die Heilbron Rolbalklub bekend is.



*Op die foto bo vl: Tracy Jacobs, Edward Muller en Elna Steyn.*
*Foto onder: Edward Muller en Jurie Jonker.*



BKB
The Trusted Home of Agriculture
Die Betroubare Tuiste van Landbou
BELANGRIKSTE veilings

MAANDAG - 08 JUNIE 2026
BADPLAAS Weeklikse veiling
Kontak Themba Shongwe 076 557 9346

DINSDAG - 09 JUNIE2026
VREDE Maandelikse veiling
Jandré Moll 082 307 9169

WOENSDAG - 10 JUNIE 2026
WITBANK Weeklikse veiling
Kontak Rocco v Rooyen 082 799 2776
BULTFONTEIN Twee-weeklikse veiling
Kontak Piet Ferreira 082 776 1516
KROONSTAD: PROGEN SUSSEX
Produksieveiling
11: 00, Veilingskrale
Kontak Francois Duminy 082 528 1899

DONDERDAG - 11 JUNIE 2026
FRANKFORT Weeklikse veiling
Kontak Deon Stegmann 079 878 2109
KROONSTAD Weeklikse veiling
Kontak Schalk Jonker 073 007 0022
ERMELO Weeklikse veiling
Kontak Boet-Jan vd Wath 072 626 9242
ABERFELDY Maandelikseveiling
Kontak Schalk Burger 076 070 1411

VRYDAG - 12 JUNIE 2026
BETHLEHEM Weeklikse veiling
Kontak Schalk Burger 076 070 1411
STANDERTON Weeklikse veiling
Kontak Carel Davel 082 331 1811
POTCHEFSTROOM Jaarlikse veiling
Kontak Salty de Villiers 073 816 4956
HEILBRON: DJP BOERDERY
Staak Boerderyveiling
11: 00, plaas Mimosa
Kontak Stiaan Smit 067 596 2491

www.bkb.co.za
BKB Limited 1998/012435/06
Posbus 220, Frankfort, 9830
Tel: (058) 813 1071
e-pos: frankfort@bkb.co.za







Vir enige nuus en advertensies vir die Heilbron Herald

Kontak Hendie 058 852 3033 of heraldnuus@heilbron.co.za

Elsstraat 44, Heilbron

Herald




VIR DIE BEMARKING VAN U VEE, KONTAK:
HUGO GROENEWALD - HEILBRON
082 569 7205
ARNO SWART - EDENVILLE/PARYS/KOPPIES
067 069 8383
ANITA ELS - GOTTENBURG/WEIVELD
073 220 3515
SKAKEL GERUS ENIGE VAN ONS BEMARKERS VIR U KRAAL BESPREKING